Leer uit Gister, Leef vir Vandag, Werk vir Môre

Riebie Klanke

Jaargang 25 | Nommer 45 | 1 Oktober 2021
d6 Connect | www.riebie.co.za

UIT DIE HOOF SE PEN

" Home should be an anchor, a port in a storm, a refuge, a happy place in which to dwell, a place where we are loved and where we can love".

~ Marvin J. Ashton~

SKOOL SLUIT

Die skool sluit op 1 Oktober 2021.

Ons glo en vertrou dat elkeen, na afloop van 'n besige kwartaal, lekker sal rus en weer veilig en uitgerus sal terugkeer.

Skole heropen vir die 4de kwartaal op 11 Oktober 2021.

VAKANSIETYD IS SOOS GOM VIR GESINNE

As ek aan 'n gesin dink, sien ek in my geestesoog 'n groot boom waar al die takke in verskillende rigtings groei, maar waar die wortelstelsel bymekaar bly om die boom te anker. Elke gesin bestaan uit individue met verskillende temperamente, behoeftes en ontwikkelings-fases. Dit is normaal, maar die sukses van 'n gelukkige gesin lê in die vermoë om 'n balans te vind tussen elke gesinslid, as unieke wese, en die gesin as 'n ware werkende eenheid.

Begrip vir mekaar se persoonlikheids-verskille en om insig in elke gesinslid se lewensbehoeftes te hê, kan gesien word as die boustene van 'n gesinsidentiteit. Kwaliteit gesinstyd is die tyd waar gesinslede mekaar leer ken, en daarom is dit so belangrik om tyd te skep waar die gesin bymekaar kan kom en met mekaar kan vereenselwig. Die langer werkure en skoolaktiwiteite wat 'n groot deel vorm van die besige leefwyse wat ons almal vandag ken, veroorsaak dikwels dat gesinstyd in die slag bly.

Kwaliteit gesinstyd bou bande tussen gesinslede, en help dat die gesin soos ‘n wortelstelsel saam groei en ontwikkel. Dit skep ook vertroue en ‘n gevoel van eiewaarde, waar elkeen spesiaal en gewaardeer voel. Dit is baie belangrik dat die gesin geanker is in hul waardestelsel. Sorg dat jul waardestelsel die kompas is waarvolgens julle leef, met ander woorde, gee gereeld aandag aan jul reëls, oortuigings en standpunte, omdat dit selfstandigheid en geborgenheid onder die kinders kweek.

Volgens Hameeda Bassa-Suleman, ‘n Kliniese Sielkundige van Durban, stel kwaliteit gesinstyd jou kinders in staat om jou as ouer dop te hou en te leer hoe om sosiaal te verkeer. Jou gedrag en waardes is dus ‘n voorbeeld waaruit hulle leer.

Dit is nie altyd maklik om die gesin bymekaar te kry vir gehaltetyd nie en ongelukkig is daar nie ‘n kits-manier om gesinsbande te bou nie. Daarom is dit so belangrik om klem te plaas op die aktiewe betrokkenheid van al die gesinslede. Bassa-Suleman voer aan dat kinders waarde aan konsekwentheid heg, met ander woorde, die hoeveelheid tyd wat julle saam deurbring, is nie so belangrik soos die gehalte daarvan nie. Besluit dus op ‘n vasgestelde dag en tyd om by mekaar uit te kom en gehaltetyd saam te spandeer.

In ons gejaagde lewe maak ons, as ouers, dikwels die fout om ons kinders uit te sluit. Jy voel dit is dalk makliker en vinniger om supermark toe te gaan terwyl jou kind in die skool is, maar wat jy nie besef nie, is dat inkopie-tyd ekstra tyd kan wees wat jy saam met jou kind spandeer.

Hoewel dit moeilik kan wees om ‘n gleuf in jou besige skedule in te pas vir gesinstyd, is dit ‘n lewenslange belegging wat jy in jou gesin se geluk en welstand maak.

-Geskryf deur Wilmarie Brits-

“**Family is** not an important thing,
It’s **everything**.

~Michael J. Fox ~

V BOTHA – SKOOLHOOF

AKADEMIE

SKRIFPAKKETTE - 2022

Graad 1 – Graad 6 ouers word herinner dat die betaling van die skrifpakkette teen 31 Oktober 2021 afgehandel moet wees. Geen uitstel kan gegee word, aangesien die pakkette bestel en gepak moet word.

PRYS PER PAKKET : R250.00

Bankbesonderhede

Rekeningnaam	: Laerskool van Riebeeckpark
Bank	: FNB
Tipe Rekening	: Tjekrekening
Takkode	: 205 609
Rekeningnommer	: 6274 913 4243
Verwysingsnommer	**: 9805 en Leerder se naam, van en graad**

SPORT

ATLETIEK

Oefentye gedurende die skoolvakansie

4 Oktober 2021	:	08:00 – 09:00	Middelafstande en Senior Naellope
	:	09:00 – 10:00	Veld Items, Hekkies en Junior Naellope
5 Oktober 2021	:	08:00 – 09:00	Veld Items en Hekkies
	:	09:00 – 10:00	Middelafstande, Senior & Junior Naellope
6 Oktober 2021	:	08:00 – 09:00	Middelafstande en Senior Naellope
	:	09:00 – 10:00	Veld Items, Hekkies en Junior Naellope
7 Oktober 2021	:	08:00 – 09:00	Veld Items en Hekkies
	:	09:00 – 10:00	Middelafstande, Senior & Junior Naellope

Oefentye vir die 4de kwartaal: Begin reeds op 11 Oktober 2021

Maandae en Woensdae	15:15 – 16:15	Verspring, Hoogspring, Hekkies en Gewigstoot
Dinsdae en Donderdae	14:15 – 15:15	Verspring, Hoogspring, Hekkies en Gewigstoot
Maandae en Woensdae	14:15 – 15:15	Middel-afstande & Senior naellope
Dinsdae en Donderdae	15:15 – 16:15	Middel-afstande & Senior naellope
Maandae - Donderdae	14:15 – 15:15	**Junior** Naellope

RUGBY EN NETBALPROEWE

Rugbyproewe:

ALLE seuns is welkom om die proewe by te woon vir 2022. *Ouers moet daarop let dat slegs oefengroepe gekies gaan word*. Onthou jou waterbottel.

11 Oktober 2021

13:30 – 14:00	Leerders wat in 2022 9jaar oud is of 9jaar oud word
14:15 – 15:15	Leerders wat in 2022 10jaar oud is of 10jaar oud word
15:15 – 16:15	Leerders wat in 2022 11jaar oud is of 11jaar oud word
16:15 – 17:30	Leerders wat in 2022 12jaar oud is of 12jaar oud word
16:15 – 17:30	Leerders wat in 2022 13jaar oud is of 13jaar oud word

Netbalproewe:

Dis tyd om netbalproewe te hou vir 2022.

ALLE dogters is welkom om die proewe by te woon. *Ouers moet daarop let dat slegs oefengroepe gekies gaan word.* Onthou jou tekkies en waterbottel. Smeer assebief sonroom.

Dogters wat aan die netbalproewe gaan deelneem, kan na afloop van hul sessie by die sporthek opgelaai word.

11 Oktober 2021

14:15 – 15:15	Leerders wat in 2022 11jaar oud is of 11jaar oud word
15:15 – 16:15	Leerders wat in 2022 12jaar oud is of 12jaar oud word
16:15 – 17:15	Leerders wat in 2022 13jaar oud is of 13jaar oud word

TENNIS

Daar sal geen tennis oefening tydens die skoolvakansie plaasvind nie.

Oefentye

(Graad 4 – Graad 7 **seuns en dogters**)

12 Oktober 2021 en 14 Oktober 2021 06:00 – 07:00

ALGEMEEN

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Die Naskoolsentrum is op 1 Oktober 2021 vanaf 06:30 vir Naskoolleerders oop.

Die Naskoolsentrum sal ook gedurende die skoolvakansie vanaf 06:30 – 18:00 oop wees.

Leerders wat nie by die Naskoolsentrum ingeskryf is nie, is welkom om gedurende die skoolvakansie aan te sluit, teen 'n koste van R50.00 per dag. Kom geniet 'n dag vol opwinding saam jou vriende in die Naskoolsentrum.

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum: 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 4 OKTOBER 2021 – 8 OKTOBER 2021

MAANDAG	MACARONI EN KAAS	BROODJIE & SAP
DINSDAG	KERRIE EN RYS	BROODJIE & SAP
WOENSDAG	CHIPS EN VIENNAS	BROODJIE & SAP
DONDERDAG	HAMBURGERS	BROODJIE & SAP
VRYDAG	PIZZA	SKYFIES / SAP / VRUG

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 11 OKTOBER 2021 – 15 OKTOBER 2021

MAANDAG	KERRIE MAALVLEIS EN RYS	BROODJIE & SAP
DINSDAG	HOENDER MAYO ROLLETJIE	BROODJIE & SAP
WOENSDAG	VLEISBALLETJIES, RYS EN GROENTE	BROODJIE & SAP
DONDERDAG	CHIPS EN BROOD (KHOTA)	BROODJIE & SAP
VRYDAG	GEVULDE VETKOEK	SKYFIES / SAP / VRUG

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***